


BORDUUR 'N ERFSTUK VIR DIE BABAKAMER

saamgestel deur ANNINE VAN REENEN

**Om borduurletterlappies te maak was nog
altyd baie gewild. Die ou, tradisionele
borduurmetode kan nou op 'n moderner
manier benader word.**



Die borduurletterlappie is in kruissteek met 'n kombinasie van groot letters en syfers gemaak. Die prentjie met 'n beertjie, hasie, speelblokkies en eendjie maak die lappie iets besonder. Die baba se volle naam en dalk selfs die geboortedatum kan ook daarop geborduur word – só kan die familienaam op 'n baie mooi manier aan die volgende geslag oorgedra word!

BENODIGHEDE

Zweigart Aida (14 ste per 2,5 cm, Art. 3706/264) 30 x 35 cm; 1 string elk Anchor-stringkatoen donkerblou 0133, blou 0131, ligblou 0130, donkerpienk 029, pienk 028, donkerbruin 0355, bruin 0347, ligbruin 0366, baie ligte taankleur 0387, écru 0926, swart 0403, wit 01, liggrys 0397, geel 0301, donker goudgeel 0303, donkergroen 0188 en groen 0186; tapisserienaald nr. 26; by-passende raam.

MATE

Ons voorbeeld soos op genoemde Zweigart Aida-stof geborduur: getelde steke in ontwerp 83 x 107; afmetings 15 x 20 cm; geraam in 'n klaargekoopte Sue Hollis-houtraam verkrygbaar by Brasch Hobby, deur bemiddeling van jou plaaslike handwerkwinkel.

AANWYSINGS

Bepaal die middel van die Zweigart Aida-stof en sentreer die ontwerp daarop met behulp van die pyltjies op die diagram.

Borduur die kruissteke met 'n dubbele draad Anchor-stringkatoen. Die agtersteek en Franse knopies werk volgens aanwysings op diagram geborduur.

Gee 'n persoonlike afronding aan die werk deur die bygevoegde alfabet en syfers vir die naam en geboortedatum van jou kleinding te gebruik.

Teken die naam en datum op 'n afsonderlike stukkie grafiekpapier, bepaal die middelpunt daarvan en neem dit op die hoofdeel oor.

Voltooi die borduurwerk. Was en stryk die lappie soos gewoonlik. Plaas in raam.

ALTERNATIEWE KLEURE

Jy kan die hoofkleur van die lappie verander deur die omranding, alfabet, naam en datum in pienk of geel te borduur, maar moenie die middelste prentjie se kleure verander nie.

PIENK AS HOOFKLEUR

Gebruik donkerpienk 029, pienk 028 en ligpienk 027.



GEEL AS HOOFKLEUR

Gebruik donkergeel 0304, geel 0303 en liggeel 0301.

SPESIALE AANWYSINGS

Borduur lyn aan eendjiespeelgoed met agtersteek en 'n dubbele draad blou (0131).

Alle ander agtersteekwerk moet met 'n enkeldraad en swart geborduur word. Oë van eendjie en konyntjie, en middel van wieletjies: Franse knope met 'n swart enkeldraad.



SLEUTEL TOT DIAGRAM

- 0133
- ^ — 0131
- X — 0130
- \ — 029
- - 028
- * — 0355
- U — 0347
- V — 0366
- z — 0387
- o — 0926
- — 0403
- — 01

- / - 0397
- + - 0301
- - 0303
- C - 0188
- I - 1086

PIENK AS HOOFKLEUR

- 029
- ^ - 028
- X - 027

GEEL AS HOOFKLEUR

- 0304
- ^ - 0303
- X - 0301

Ontwerpgrootte: 83 x 107 mm